KUNSTENAAR ONTROER MET ROUHEID VAN GEVOEL

Afbeelding uit 'I was lonelyness', — Editor: Orde Levinson, Struik Winchester.

Die grafiese kunstenaar John Muafangejo (1943-1987) was een van die mees uitstaande kunstenaars uit Namibië, 'n land wat reeds 'n aantal belangrike kunstenaars opgelewer het. Die deurlopende tema van sy werk is die mens as mens, sy alledaagse omgewing, emosies en gedagtes, sy droefheid en vreugde en veral sy godsdiens.

Gebore as kind van die Ovambo, was sy ouerhuis eintlik in Angola en moes hy later oor die grens na Namibië gaan waardeur hy van sy familie geskei is. Hierdie gedwonge skeiding was deels verantwoordelik vir sy innerlike verskeurdheid, sy emosionele verwarring en eensaamheid in die latere jare.

In sy 24ste jaar by die St Mary's Anglican Mission School in Odibo het 'n Amerikaanse sendeling sy tekentalent opgemerk en gereël dat Muafangejo na die bekende Kuns- en Handwerksentrum van die Ekumeniese Lutherse Kerk by Rorke's Drift in Natal gaan. Uit alles wat hy daar geleer het, het Muafangejo uiteindelik die linosnee verkies.

Muafangejo se grafiese werk, tweedimensioneel met vereenvoudigde vorms wat sterk herinner aan die vroeë Christelike en Romaanse kuns, lyk met die eerste oogopslag naïef, byna primitief, totdat mens begin let op die ingewikkeldheid van die komposisie, die groot tekstuurverskeidenheid, die ekspressiewe en emosionele krag daarvan, en op die balans tussen tema en die uitbeelding daarvan. Synde net in swart en wit, is dit besonder dramaties. Dit vergelyk goed met die beste grafiese werke van die Duitse ekspressioniste.

Wat sy werk egter so roerend maak, is die gevoel van persoonlike deurleefdheid wat dit uitstraal. Dit wat die kunstenaar uitbeeld, is geneem uit sy persoonlike lewe, sy sieninge van historiese gebeure, sy godsdiens en sy waarneming van die lewe om hom heen. Soms is dit selfs humoristies, dan weer diep godsdienstig, ontroerend in die intensiteit en byna pynlike rouheid van gevoel.

Die linosnee hiernaas uitgebeeld, heet "Adam en Eva" en die afmetings is 632mm x 527mm. Dit is een van Muafangejo se belangrikste werke. Die sirkelvorm beeld die geslote heerlikheid van die paradystuin uit. Dit is oorlaai met 'n groot verskeidenheid plant-en diersoorte, voëls, visse en insekte – 'n ware lushof wat God vir Adam en Eva geskep het. Die slang kan net-net uitgemaak word tussen die twee op die grond. Toe hy gevra is waarom hy Eva soveel groter as Adam uitbeeld, het Muanfangejo geantwoord:

"Because she knew of the devil and therefore adult, while Adam was innocent until she tempted him,so he is like a child."

God die Vader word in die boonste linkerhoek uitgebeeld, sy regterhand na bo gehou met die twee vingers reguit, soos so dikwels in die vroeë Christelike uitbeeldings gesien word. Dit is die gebaar van 'n seën, maar ook van die uitspreek van 'n besluit of 'n oordeel.

Muafangejo het die temas vir sy werk soos volg beskryf: "My themes are biblical scenes – innocent history or nature." Oor sy materiaal en tegnieke het hy gesê: "Like etching very much – no material for etching – so do no linecut."

Muafangejo het in sy kort leeftyd heelwat erkenning gekry, plaaslik sowel as internasionaal. In 1980 het in hy Finland uitgestal met baie goeie resultate. Hy word gereken as een van die belangrikste grafiese kunstenaars van ons land. —
Albert Werth.